

WEEK 5

INTERSESSIE?

WAT IS INTERSESSIE?

Die mens is gemaak as God se verteenwoordiger, om te heers oor die wêreld.

Genesis 1:26-27

“Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.” 27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

Dit was die skeppingsdoel van die mens. Die mens is deur God bekragtig en bemagtig om as Sy verteenwoordigers op te tree. Dit is twee belangrike woorde. God het hulle die **krag** gegee en ook die **outoriteit**.

Dit is onmoontlik om te heers en iemand te verteenwoordig as een van die twee ontbreek. Jy kan dalk die mag hê om te regeer maar nie die outoriteit nie. Of jy het dalk die outoriteit om te regeer maar nie die mag nie. Die mens het albei afgegee met die sondeval. Satan het sy mag gebruik om die mense se outoriteit wat God hulle gegee het af te gee.

Nou ken ons die verhaal van die koms van Jesus. Dit was juis die rede waarom Jesus gekom het. Hy het die outoriteit van Satan kom wegneem. Hy het nie meer outoriteit om te regeer nie. Ja hy het nog mag en krag, maar regeer onwettig in mense se lewens.

In terme van God se skeppingsplan lê die outoriteit in die hande van die mense en daarom moes Jesus dit weer terug gee.

Matteus 16:18-19

En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. 19 Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op

die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly

Handelinge 1:8

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Hy oorhandig die sleutels van die koninkryk terug aan mens en dan by name die Kerk. Wie is die kerk? Elkeen wat 'n kind van God is. Daarom as mense wonder waarom is daar soveel chaos in die wêreld, is dit nie God se skuld nie. Dit is maar net 'n bewys dat die kerk van die Here Jesus Christus het nie haar werk deur die eeue gedoen nie. Dit is die kerk se werk om harmonie, vrede en liefde te bewerk. Waar begin die kerk? By gebed.

Dan doen God 'n wonderlike ding. Hy gee nie net die outoriteit terug nie, Hy bekragtig ons met die Heilige Gees. Handelinge 1:8 sê mos baie mooi: *"julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom."*

Nou het die **kerk** dus die krag en die outoriteit en daarom kan ons beheer neem van elke situasie. Dit begin met gebed en intersessie. Wanneer ons dan bid, skakel ons in by Sy hemelse plan vir ons en vir die wêreld. In wese is gebed dan 'n intieme ontmoeting tussen God en Sy kinders. Dit werk baie soos 'n liefdesverhouding. Dit is omdat God 'n intieme verhouding met ons soek.

Intersessie het min te doen met onself, dit is gebed vir ander mense, dit is om namens iemand anders te kom praat by God.

Kom ek verduidelik dit aan die hand van 'n prentjie. Dink aan 'n hof. Daar is verskeie partye betrokke.

Die **landdros**/magistraat.

- De **aanklaer** met sy helpers. Hulle hoofsaak is om die beskuldigde skuldig te kry.
- Die **verdediging**, met hulle span wat namens die beskuldigde optree. Hulle wil graag die beskuldigde onskuldig bewys.

En as jy nou wil weet wat is intersessie dan is dit presies dit.

- Die beskuldigde word voor die hof gedaag, maar sien nie kans om homself te verdedig nie, daarom kry hy vir hom 'n prokureur.
- Die prokureur tree namens die beskuldigde in die hof op. In die hof sal die landdros vra wie verdedig die beskuldigde en dan staan die prokureur op en sê vir die landdros: “Agbare heer ek tree op namens so en so.” Dit is amper of die prokureur sê; “ek het niks verkeerds gedoen nie.” Ten spyte daarvan dat hy nie die skuldige party is nie, word hy so hanteer. Die aanklaer tree op teen hom. Die landdros vra hom vrae.

Dit is wat intersessie in wese is. Dit kan natuurlik nie net so toegepas word nie, want die regter is God en Hy hoef nie altyd te reageer soos 'n menslik regter nie, maar tog is daar ooreenkomste.

Die woord intersessie kom van die latynse woord *intercedere* wat uit twee woorde bestaan naamlik *inter* wat beteken “tussen” en *cedere* wat beteken “gaan.” Daarom kan 'n mens intercedere vertaal met: *iemand wat tussen ingaan.*

'n Intersessor is daarom iemand wat as tussenganger vir iemand ander optree by iemand anders.

Die Hebreuse woord wat gebruik word wat as intersessie vertaal word, is die woord *paga*. *Paga* beteken *ontmoeting te reël, om 'n audiënsie met 'n koning namens iemand anders te reël.*

Intersessie is om by God, 'n audiënsie aan te vra namens iemand anders. Dit is om te praat by Iemand anders namens iemand anders.

'n Intersessor is dan niks anders as 'n bemiddelaar. Bemiddeling is doodeenvoudig om as gelyke vriend van albei tussen twee partye op te tree. Kom ons kyk hoe word *paga* in Afrikaans vertaal.

Jesaja 53:12

*Daarom gee Ek hom 'n ereplek onder die grotes. Hy sal saam met magtiges oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders **gebid** het.*

*Therefore I will divide Him a portion with the great, And He shall divide the spoil with the strong, Because He poured out His soul unto death, And He was numbered with the transgressors, And He bore the sin of many, And made **intercession** for the transgressors. (NKJV)*

Jeremia 7:16

*Jy moenie vir hierdie volk bid nie. Moet My nie ter wille van hulle smeek en by My vir hulle **voorspraak** probeer doen nie. Ek sal nie na jou luister nie.*

*Therefore do not pray for this people, nor lift up a cry or prayer for them, nor make **intercession** to Me; for I will not hear you. (NKJV)*

Jeremia 27:18

*As hulle werklik profete is en as die woord van die Here by hulle is, laat hulle dan by die Here die Almagtige **pleit** dat die voorwerpe wat nog in die huis van die Here is en dié in die koning van Juda se paleis en dié in Jerusalem, nie na Babel toe gevat word nie.*

*But if they are prophets, and if the word of the LORD is with them, let them now make **intercession** to the LORD of hosts, that the vessels which are left in the house of the LORD, in the house of the king of Judah, and at Jerusalem, do not go to Babylon. (NKJV)*

Jesaja 53:12 vertaal dit met **gebed**. Jeremia 7:16 vertaal dit met **voorspraak** en Jeremia 27:18 vertaal dit met **pleit**. In al drie gedeeltes word dit in die KJV met **intersession** vertaal.

OM AS TUSSENGANGER OP TE TREE

1 Timoteus 2:1-4

Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, 2vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil

lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. ³So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, ⁴wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

Esegiël 22:30

Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie.

So I sought for a man among them who would make a wall, and stand in the gap before Me on behalf of the land, that I should not destroy it; but I found no one. (NKJV)

Intersessie vind daagliks in ons samelewing plaas. Intersessie vind plaas op kantoor, wanneer 'n sekretaresse namens haar bestuurder optree, vergaderings belê, namens hom oor die foon praat, ensovoorts. Intersessie het te doen met delegasie van outoriteit en prakties is dit doodeenvoudig verteenwoordiging van iemand anders.


God gee ons in Sy Woord die opdrag om te bid, te smEEK en 'n ontmoeting te reël met Hom vir ons land, vir gelowiges, vir die ongereddes.

Wanneer ons dus intree vir iemand anders gebeur die volgende:

- Ons tree **namens iemand anders** op by God. Ons kan dus sê dat ons namens iemand anders met God samesprekings hou in Sy hemelse raadsaal. Soms tree ons in vir iemand wat weet dat ons vir hom of haar intree, ander kere weet die persoon nie eers dat ons vir hom of haar intree nie. Wanneer ek intree vir iemand wat verlore is dan kom ek namens hierdie persoon in God se troonsaal ingestap en ek reël 'n oudiënsie met God en ek vra God om Sy Goddelike krag vry te stel, sodat die weerstand teen God in hierdie persoon verbreek kan word. Ek vra om Sy genade, sodat Hy die persoon op grond van Jesus se genade kan red. Wanneer ek intree vir iemand wat siek is, of wat 'n krisis beleef, gaan staan ek as te ware namens die persoon voor God se troon en sê: *“Ek het nie nou iets nodig nie Here, maar ek staan hier namens so en so, wat graag nou by U wil hê, vrede of vertroosting of genade of verligting van pyn of genesing, ensovoorts.”*

- Die tweede ding wat gebeur is dat ek **namens God** by **iemand** anders moet gaan optree. Ek is God se verteenwoordiger, wat na hierdie persoon toe moet gaan en hom of haar moet vertel van God se reddende genade en liefde. Ek is die persoon wat God gebruik om mense te gaan vertroos in hartseer of by te staan in 'n krisis.

- Somtyds is dit nodig dat ek tussen **Satan** en **iemand anders** moet gaan staan. Dit is deel van geestelike oorlogvoering. Dit is wanneer ek op grond van die oorwinning van Jesus aan die kruis, die Satan moet weerstaan. Dit kan natuurlik wees dat die Satan sy stryd teen my intenser maak, maar dit is die prys wat ons moet betaal om gehoorsaam te wees.



Intersessie is 'n vennootskap tussen die verlose kind van God wat hand aan hand werk met God, met die doel om Sy verlossings- en genesingswerk op hierdie aarde te realiseer.

JESUS DIE GROOT INTERSESSOR

Johannes 1:18

Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

Ons weet almal dat Adam gefaal het in die hele proses van verteenwoordiging. Daarom was dit nodig dat God 'n ander mens moes stuur, die laaste Adam, om te kom herstel wat die eerste Adam opgemors het, om sodoende weer God hier teenwoordig te kom maak. Daarom beskryf ons Hom as die **Middelaar**. Waar kom dit vandaan? Hy het opgetree as die bemiddelaar tussen God en mens. 'n Bemiddelaar is iemand wat tussenin gaan en daarom is Jesus niks anders as die **groot Intersessor**, tussen ons en God en kom maak Hy God weer teenwoordig by die mensdom.

Dit is die wonderlike verlossingswerk van Jesus, Hy het God weer aan ons kom voorstel. Dit is ook die hartseer van sonde, dat ons wat veronderstel was om God hier op aarde te verteenwoordig, moet nou iemand kry om weer God aan ons voor te stel.

Romeine 8:34

Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

Hebreërs 7:25

Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.

Therefore He is also able to save to the uttermost those who come to God through Him, since He always lives to make intercession for them.

Hebreërs 9:24

Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn.

Jesus se intersessie was niks anders as **bemiddeling** nie. Dit het nog steeds vir Jesus aangegaan na Sy hemelvaart. Hy **tree nog steeds as advokaat vir ons op**. Jesus het in Sy verheerlikte toestand nog steeds aangegaan om Sy bemiddelingswerk te doen.

Jesus is ons verteenwoordiger by God, wat vir ons waarborg dat ons vrye toegang tot God ons Vader het. Sy bemiddelingswerk is nie net om ons skoon te maak van sondes voor die

Here nie, maar Sy bemiddeling is om ook ons elkeen regverdig voor God te verklaar. Jesus tree as ons bemiddelaar op sodat ons kan bid.

Ek wil 'n bietjie verder gaan met hierdie intersessie of tussenganger gedagte. Na die sondeval het mense iemand nodig gehad om hulle met God te versoen. Onthou Satan het nou vrymag gekry as gevolg van die mag wat Adam hom gegee het. Daarom het mense ook 'n **tussenganger** tussen hulle en Satan nodig. Hierdie tussenganger moet as gevolg van die sonde die eenheid breek wat daar bestaan het tussen mense en die duiwel. Jesus het ook dit kom doen. Hy het as tussenganger ook die **houvas** (1 Johannes 5:18-19) van Satan op die mensdom kom breek.

Jesus het alles volmaak kom doen. Ons gebede van intersessie is altyd 'n uitbreiding van Jesus se **werk van intersessie**. God sal geen ander intersessie aanvaar tensy dit deur Jesus kom nie.

ONS ROL IN INTERSESSIE

Hebreërs 3:1

Daarom, broers wat vir die Here afgesonder is en deelgenote is van die hemelse roeping, moet julle noukeurig let op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely.

1 Korintiërs 4:1-2

So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is. 2Van 'n bestuurder word veral vereis dat hy betroubaar moet wees.

2 Korintiërs 6:1

As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie.

Uit hierdie gedeeltes is dit duidelik dat ons in hierdie proses **medewerkers, vennote, van God is**. Tog moet ons ons rol in hierdie intersessie baie mooi verstaan. **Ons is slegs die verspreiders van God se goed, ons is nie die produsente daarvan nie**. Jesus het die prys van die sonde klaar betaal. As intersessors kom staan ons voor die troon van God en kom

pleit ons vir mense op grond van hierdie volmaakte offer. Ons is egter nie mede-aanspreeklik vir mense se sonde nie, dit was Jesus se werk alleen, maar op grond van Sy versoeningswerk kan ons in die teenwoordigheid van God kom.

Dit kan so baie maklik gebeur dat ons dink as gevolg van ons mooi gebed, of ons harde gebedswerk, of trane, of vas, of taalgebruik, noem maar op, daar nou iets moet gebeur. Ons is altyd net verspreiders van God se genade en liefde en versoening.

Iemand wat 'n intersessor wil wees, is iemand wat bereid moet wees om as tussenganger op te tree. Dit beteken dat jy soms die aanvalle van die bose sal moet afweer en daarom moet jy naby aan die Here leef en sorg dat jy in Sy wil is, want jy tree mos namens die persoon in by God.

Ons het hierbo in Esegïël 22:30 gelees dat intersessie is om in die gaping te staan vir iemand anders en om dan die volle konsekwensies te dra. Daarom is intersessie 'n leefwyse en nie net 'n gebed nie. Jy vra elke oggend vir die Here dat Hy die mense wat intrede nodig het op jou pad sal bring en dan raak jy bedag op hierdie mense.

Dit is dikwels kinders van die Here wat so ver afgedwaal het dat hulle nie meer met God oor hulle eie saak kan of wil praat nie. Dit is die mense wat as't ware stukkend op die lewensgrond lê en wat iemand nodig het om net by hulle te kom lê en hulle wonde te versorg. 'n Mens kan eintlik sê, ons is hier om Jesus se teenwoordigheid op aarde te laat geld en wat is dit anders as intersessie. God wil jou oë oopmaak en vir jou kom wys dat daar duisende mense jou pad kruis elke maand, wat nodig het dat iemand tussen hulle en God en tussen hulle en Satan sal kom staan. Daar is baie mense wat vasgevang is in bande van alkohol, dwelms, verwerping, Mammon, wellus, ensovoorts en ons is geroep om as bemiddelaars, die verlossingswerk van Jesus te bewerk. Dit begin met intersessie.

Ons rol is nie om **te bevry nie, maar om te glo**. Ons taak is nie om **gesond** te maak nie, maar om te glo in die Groot geneesheer.

DIE KONSEKWENSIES VAN INTERSESSIE

Uit die intersessie werk van Jesus is dit duidelik dat intersessie baie meer as net gebed is. Dit is baie meer as om maar net te bid vir iemand en om te hoop daar gebeur iets. Ons leer dit

by Jesus. Sy hele bediening was praktiese meelewing met Sy mense. Jy kan nie regtig vir iemand intree as jy nie medelye met die persoon het nie.

Die Engelse woord vir medelye is "*compassion*" dit kom van die Latynse woord, **compati**. Die woord bestaan uit twee woorde, *com* beteken "met" of "saam met" en *pati* beteken "om swaar te kry" of "om seer te kry." Die kombinasie van die woorde beteken dus, "**om saam swaar te kry, om seer kry te deel.**" Daarom is intersessie veel meer as gebed, dit is om jousef bereid te verklaar tot diens.

‘n Verdere praktiese implikasie van intersessie is om ander mense deel van jou lewe te maak. Dit is so maklik om in jou gemaksonne te sit en bid en in te tree. So maklik bid ons vir die arme kindertjies wat nie klere het nie, so maklik bid ons vir die honger mense. As ons intersessie in medelye verander en ons besef dat ons tot diens geroep word, dan gaan ons **gebed oor tot aksie.**

DIE LEWE VAN DIE INTERSESSOR

In Psalm 24:3-4, vra Dawid: "*wie mag in die Heiligdom van die Here staan.*" dan antwoord hy: "*hy/sy wie se hande rein is.*" Dit geld vir elke gelowige en soveel meer vir hulle wat in God se teenwoordigheid wil kom namens iemand anders. Intersessors moet baie nou let op hulle persoonlike verhouding met God. Hulle moet onthou hulle is ook die teiken van Satan se aanvalle, juis omdat hulle instaan vir ander mense. Ons het reeds oor sondebelydenis gepraat, maar dit is uiters noodsaaklik dat alle onbelyde sondes bely moet word, voordat daar vir ander mense ingetree kan word. Die werk van intersessie is om soos ‘n pyp deur God gebruik te word. Hierdie pyp is die kanaal van God se genade, liefde, vrede, genesing, wat ook al nodig is. As daar aanpaksels (sondes) is kan die lewende water van God nie vrylik daardeur vloei nie. Die gevaar is dan, dat ons as gevolg van ons sondes, die seën wat God vir ons en ander mense bedoel het, beperk.

1 Johannes 5:14

En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.

Intersessors, soos enige ander gelowige, behoort baie naby aan God te leef, so naby dat jy Sy wil kan ken, sodat jy Sy wil kan bid en sodat jy Sy stem kan hoor. So baie keer praat die Heilige Gees met mense en lê dit op hulle hart om vir ander mense te bid. Hoeveel keer het dit nie al gebeur dat jy voel jy moet vir iemand bid nie? As jy dan die persoon bel, dan vra die persoon: "*Hoe het jy geweet ek beleef 'n krisis?*" Hoe voel jy dan? Ek voel verryk, ek voel dankbaar omdat God my gebruik het, vir my beteken dit ongelooflik baie en vir die ander persoon, dit is vir hom of haar wonderlik, want hy/sy weet dat God stel nog in hom/haar belang. Ek wonder hoeveel keer het ek al die seën wat die Here vir my en ander mense beplan het gesteel, deurdat ek ongehoorsaam was aan die Heilige Gees se stem.

Die Here nooi ons uit om in Sy heiligdom in te gaan, ons het vrye toegang om daar met Hom te kom praat oor enigiets, oor ons eie behoeftes en nood, maar veral oor die behoeftes en nood van ander.

Hebreërs 10:19-22a

Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, 20en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. 21En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, 22laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid

Efesiërs 3:12

In ons verbondenheid met Hom en deur ons geloof in Hom kan ons met vrymoedigheid en vertrouwe na God gaan.

Ons het vrye toegang tot in God se heiligdom, daar waar Hy op Sy heerserstroon sit. Jy is nie 'n bedelaar nie, as gevolg van die **intersessie** wat Jesus vir jou bewerk het, het jy vrye toegang in die Naam van Jesus tot by God. Hier kan jy enigiets met Hom deel en vir Hom vra.

Romeine 8:14

Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.

Ons as kinders van God kan met vrymoedigheid nader kan stap en vir Hom kan kom sê: “Abba - Pappa” en dan lees ons hier ons het as gevolg van die lewe wat Jesus gee, nie net toegang tot in die hoogste hemel tot God nie, maar ons kan nou met vrymoedigheid en met volle vertroue na God toe gaan.

HERSIENINGSVRAE

- Wat is intersessie?
- Hoe vind intersessie in die alledaagse lewe plaas?
- Is daar ‘n verskil tussen intersessie en voorbidding? Indien enige wat is die verskil?
- Op watter drie vlakke vind intersessie plaas?
- Wat was Jesus se intersessiewerk gewees? Wat beteken dit vir jou?
- Wat is jou rol in intersessie?
- Wat is die praktiese implikasie van intersessie?

OM TE GAAN DOEN

- Vra die Here om vir jou ‘n deernis te gee vir iemand, sodat jy in hierdie week vir daardie persoon sal kan intree.
- Wees gehoorsaam, as iemand in jou gedagtes kom, bid dadelik vir daardie persoon en laat weet hom of haar dat jy vir hom/haar bid.
- Maak erns met jou gebedslewe, sodat God jou al hoe meer kan gebruik as intersessor.